--- Ek weet daarvan.

Wie besluit of hulle die kos, boeke ensovoorts kan kry of nie? Wie maak daardie besluit? --- Daar was net 'n opdrag dat hulle dit kan kry. Ek weet nie wie die besluit gemaak het nie.

In elke geval kry hulle alles wat in die pakket is? --- Hulle kry alles wat in sy pakket is sover dit my kennis gaan.

Elke aangehoudene kry alles wat aan hom gestuur is? --- Sover ek weet kry elke aangehoudene alles wat aan hom gestuur is.

Was daar geleenthede toe boeke en kos van hulle weggeneem is? --- Ek weet nie daarvan nie.

U dra geen kennis daarvan nie. En in verband met Dr Aggett? --- Dieselfde.

Want ons opdrag is dat op sekere geleenthede word kos en boeke van 'n aangehoudene weggeneem vir 'n periode. Dra u enige kennis daarvan? --- Ek weet nie dat boeke van 'n aangehoudene weggeneem is nie, behalwe as hy sê, "Ek het hierdie boek nou klaar gelees, u kan hom terugstuur".

Nee, ek praat nie van daardie geval nie, maar die geval waar alle boeke en kos van hom weggeneem is. In die sel. --- Ek weet nie van sulke gevalle nie.

GEEN VERDERE VRAE DEUR ADV KUNY:

------------

ADV DE VRIES: Mag dit die Hof behaag, ek roep Adjudant Offisier Johannes Stephanus Marais. Sy verklaring is alreeds ingehandig as BEWYSSTUK 'M'.

JOHANNES STEPHANUS MARAIS: Verklaar onder eed -

ONDERVRAGING DEUR ADV DE VRIES: Mnr Marais, is u a adjudant offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te John Vorster / ....

Vorster Plein? --- Korrek.

En is u gewoonlik daar werksaam as Aanklag Kantoor Sersant wanneer u aan diens is? --- Dit is korrek.

Op die aand van die 4de Februarie het u aan diens gekom om ongeveer 20h45, is dit korrek? --- (Antwoord onhoorbaar).

HOF: Ekskuus tog, ek het nie die tyd mooi gehoor nie, 4.45?

ADV DE VRIES: 20h45.

HOF: Dankie.

ADV DE VRIES: Het u daarna om 22h30 sersant Aggenbach vergesel en sel inspeksie gedoen? -- Korrek.

Waarmee het u toe aangegaan nadat die sel inspeksie klaar was? --- Met gewone aanklag kantoor werk.

Was daar later aan u verslag gedoen deur sersant Aggenbach in verband met die aangehoudene, Aggett? --- (Antwoord nie opgeneem nie).

Wat het hy vir u gesê daarvan? --- Hy het gesê dat Aggett, oorlede mnr Aggett het homself opgehang.

Hoe laat was dit? --- Dit was ongeveer 1h45. 01h45.

Wat het u gedoen toe u die berig kry? --- Ek het onmiddellik opgegaan na die selle toe om te gaan kyk en seker te maak wat daar aangaan.

Wat het u daar aangetref? --- Ek het die oorledene gevind teen die tralies binne-in die sel hang met materiaal om sy nek.

Het u uself vergewis of hy nog lewend was of dood? --- Ek het.

Hoe het u dit gedoen? --- Ek het sy polste gevoel.

Wat was u mening oor sy toestand? --- Daar was geen pols nie en ek was oortuig dat hy wel oorlede is.

Kan u sê of die liggaam op daardie stadium nog warm was

of / ....

of was dit al koud? -- Nee, hy was nog warm gewees op daardie stadium.

Wat het u daarna gedoen? --- Ek het dadelik die Veiligheidspolisie in kennis gestel. Daarna het ek die Bevelvoerder en die Afdelingskommissaris in kennis gestel.

Het u toe gewag vir hulle om te kom, of het u iets gedoen of... --- Nee, ek het vir hulle gewag om aan te gaan met die ondersoek.

Nadat hulle gekom het, wat het u toe gedoen? --- Ek het voortgegaan met my werk in die aanklag kantoor.

Nou is daar enige sleutels tot die selle in die aanklag kantoor self? --- Ja, daar is sleutels.

Wat se sleutels is dit? --- Sleutels vir hangslotte wat aan die seldeure is.

Seldeure of aan die traliedeure? --- Aan die traliedeure.

Waar word hierdie sleutels gehou? --- (Begin van antwoord nie opgeneem nie)...in die aanklagte kantoor.

Waarin word dit gehou? --- So 'n groen seilsakkie wat geseël is.

Is daardie sakkie die aand oopgemaak? --- Nadat die Veiligheidsoffisiere daar gekom het was hy oopgemaak.

Was die seël nog verseël gewees, of was dit alreeds gebreek? --- Nee, hy was nog geseël gewees.

U het met ander woorde die seël gebreek in hulle teenwoordigheid? --- In hulle teenwoordigheid.

En toe is daar toegang verkry tot die sel self? --- (Antwoord onhoorbaar).

Die opset by die selle, ek verstaan daar is 'n hekwag wat onder die aanklag kantoor sersant se personeel resorteer? --- (Antwoord onhoorbaar).

Wat is sy dienste daar by die hek? --- Hy moet die selle gereeld besoek, dwarsdeur die tydperk wat hy aan diens is...

Ek praat van die hekwag wat onder is. Onder. --- Hy maak alleenlik vir mense wat selle toe gaan, maak hy oop.

Kan iemand in daardie selle inkom sonder dat daardie hekwag oopmaak vir hom? -- Nee.

Met ander woorde, as iemand in die selle ingaan moet hy deur daardie deur gaan. --- Hy moet deur daardie deure ingaan.

En moet hy homself aankondig vir daardie persoon? --- Hy moet kan bewys dat hy wel 'n polisieman is.

Word daar gereeld gevra vir 'n identifikasie van die polisie? --- Normaalweg, as hy nie die polisieman ken nie, dan vra hy hom.

Is daar enige aantekeninge wat gehou word van mense wat die selle op daardie manier besoek? --- (Antwoord onhoorbaar).

<u>GEEN VERDERE VRAE DEUR ADV DE VRIES:</u>

<u>HOF:</u> Mnr Kuny die getuie se verklaring is ingehandig as <u>BEWYSSTUK 'M'</u>. Dit in elk geval is geroep vir ondervraging deur u, u kan gerus maar voortgaan.

<u>ADV KUNY:</u> Ja dankie Edelagbare.

<u>KRUIS-ONDERVRAGING DEUR ADV KUNY:</u> Mnr Marais, wie was die Stasiebevelvoerder op daardie stadium? --- Kolonel Oosthuizen.

En waar sou hy daardie nag gewees het? By sy huis of by die polisiestasie? --- (Antwoord onhoorbaar).

U het gesê u het hom in kennis gestel van wat gebeur het? --- (Antwoord onhoorbaar).

Het u hom per telefoon in kennis gestel? --- Ja ek het.

Wanneer? / ....

Wanneer? --- Onmiddellik na ek van die selle af teruggekom het.

Wie het u eers gebel? Die Stasiebevelvoerder of mnr Scholtz is dit? Kolonel Scholtz? --- Kolonel Oosthuizen is eerste geskakel.

Het hy onmiddellik na die polisiestasie toe gekom? --- Nee, hy het nie.

Het hy daardie aand na John Vorster Plein toe gekom? --- (Antwoord onhoorbaar)

So, net Kolonel Scholtz het gekom as gevolg van u telefoon oproepe? --- Kolonel Scholtz en Kolonel Muller.

Het u ook Kolonel Muller gebel? -- Kolonel Scholtz het hom gebel.

Nou u sê dat daar is hierdie sleutels wat in 'n geseëlde groen sakkie gehou word in die aanklag kantoor? Die sleutels van die hangslotte? Op die tweede vloer. --- (Antwoord onhoorbaar).

Waar word daardie sakkie gehou? --- In die brandkluis.

En u het geweet dat dit wel daar was? --- (Antwoord onhoorbaar).

Word dit altyd daar gehou? Elke nag? --- Daar is geen persoon wat dit daaruit verwyder nie.

Is u geregtig om dit te verwyder? --- In noodgevalle, ja.

Was hierdie nie 'n noodgeval nie? --- Toe ons vroeër op die liggaam afgekom het was dit 'n noodgeval, daarna was dit nie meer 'n noodgeval nie.

Wel u het nie geweet of dit miskien 'n noodgeval was of nie. U het net 'n rapport van Aggenbach gekry? Maar u moes uself tevrede stel dat wat hy aan u gerapporteer het

wel korrek was, of nie. --- Hy het aan my gerapporteer dat die man reeds dood is.

Kon hy 'n fout gemaak het? --- Ek kan nie glo dat hy 'n fout sal maak in so 'n geval nie.

Al wat ek wil weet is, hoekom u nie die sleutel uit die groen sakkie gehaal het en na die selle toe gegaan het met die sleutel om die deur oop te maak? --- Wel, het hy nog gelewe, kon ons die tou afgesny het van buitekant.

Maar wat as hy 'n fout gemaak het? Dan, wat sou u gedoen het? --- Dan sal ek die tou afgesny het.

Maar u kon nie in die sel inkom nie? --- Deur die tralies kan jy wel by kom.

Ek sou verwag het mnr Marais dat, onmiddellik hy hierdie soort rapport aan u gemaak het, sou u die sleutel uit die sakkie geneem het en met die sleutel na die sel toe gegaan het. --- Dit was baie onverwags en ek het gaan seker maak dat dit wel die geval is, dat die man wel hang.

U sê u was wel geregtig om daardie sleutel te gebruik in die geval van noodgeval? --- (Antwoord onhoorbaar).

Het u dit ooit op enige ander geleentheid uit die sakkie geneem en gebruik? --- (Antwoord onhoorbaar).

Is dit die enigste geleentheid? -- Dit was die eerste geval wat ons gehad het.

En die laaste. --- (Antwoord onhoorbaar).

Was u geregtig om 'n dokter te roep? --- Ek was geregtig.

Hoekom het u nie 'n dokter geroep nie? --- Ek het nie geweet wat die prosedure is in verband met Veiligheidsgevangenes nie.

Dit was hulle besluit of 'n dokter geroep moet word of nie? --- Dit is reg.

Ken u enige van die Veiligheidspolisie? --- Dit is reg.

Ken / ....

Ken u mnr Cronwright? --- (Antwoord onhoorbaar)

Mnr Whitehead? --- As hy 'n jonge is, ken ek hom.

Ekskuus? --- As hy 'n jongman is, ken ek hom.

Ek verstaan so, ja. Het u mnr Cronwright en mnr Whitehead daardie nag by die sel gesien, op enige stadium? --- Nie in die tyd wat ek daar was nie.

Wel, het u hulle daardie nag gesien, of nie? --- Ek het mnr Cronwright ná die geval gesien.

Waar? --- In die aanklag kantoor.

Wanneer was dit? --- Nadat dit gerapporteer was.

Voor of na luitenant kolonel Scholtz opgedaag het? --- Na kolonel Scholtz opgedaag het.

Was hy teenwoordig toe u die groen sakkie oopgemaak het? Die seël gebreek het en die sleutels uitgeneem het? --- (Antwoord onhoorbaar).

Ek praat nou van Cronwright. En wat van mnr Whitehead, was hy ook teenwoordig? --- (Antwoord onhoorbaar).

Waar en wanneer het u hom gesien? Daardie nag? --- Ek het hom nie daardie nag gesien nie.

O, ek is jammer. Ek het... --- Ek ken hom.

O. Het u hom nie daardie nag gesien nie? --- Ek het hom nie daardie nag gesien nie.

U weet nie wie mnr Cronwright geroep het? --- (Antwoord onhoorbaar).

Of waarvandaan hy gekom het nie? --- (Antwoord onhoorbaar).

U het mnr Aggenbach vergesel op sy selbesoek om 22h30, die vorige aand? --- Positief.

Doen u dit gewoonlik? --- Korrek.

Hoeveel keer elke aand gaan u op selbesoek? --- Deur die tekort van personeel kan ek gaan alleenlik wanneer die

werk / ....

werk my toelaat.

Hoekom daardie aand het u mnr Aggenbach vergesel? --- Hy is die sel sersant.

Ja maar hoekom moet u hom vergesel? Op die selbesoek? --- Daar gaan gewoonlik iemand saam met hom.

En hoe lank vat dit om die selle te besoek op die 1ste, 2de en 3de vloere? --- Dit neem 'n geruime tyd.

Min of meer? --- Ten minste 'n half uur of langer.

Nou hoe doen julle dit op die 1ste en 3de vloer? Wat is die prosedure? --- Al die prisoniere moet getel word.

Maak julle elke sel oop... --- Elke sel maak ons oop en ons tel al die prisoniers.

Met elke besoek? --- (Antwoord onhoorbaar).

Maar in terme van die bevele moet julle 'n besoek elke uur maak? --- Positief.

Nou sê u dat elke uur maak julle elke sel oop, op elke vloer en tel elke prisonier? --- Korrek, dit is positief.

Dus moet julle die lig aanskakel, die prisonier wakker maak... --- Ons maak hom nie wakker nie.

Maar word hulle nie wakker nie, toe julle inkom en hulle tel en die lig aanskakel? --- Daar is sommige wat wakker word, nie almal nie.

Hoekom kyk julle nie net deur die gaatjie in die deur? Om te sien of alles in orde is? --- Daar kan moontlik 'n fout wees daar binne.

Doen julle dit ook op die 2de vloer? Die veiligheidsaangehoudenes? --- Ons maak wel die voordeure oop.

En gaan binne die sel in, tot by die traliehek? --- Positief.

Is die ligte aan, of moet julle die lig aanskakel? Ons skakel die ligte aan waar hulle af is, dan sit ons hulle

weer / ....

weer af.

Wat doen julle toe julle in die sel ingaan? --- Kyk of die man...

Nog daar is? --- Nog daar is.

Ja. Praat u met hom? --- Ons sê net of hy reg is.

En as hy slaap? --- Dan maak ons hom wakker.

Maak u hom wakker? --- Korrek.

So, elke uur maak u die aangehoudene wakker en vra of alles in orde is? --- Dit is korrek.

Daardie aand toe u by Dr Aggett se sel gegaan het, wat was die posisie, wat het u gevind? --- Hy het op sy mat gelê.

Was hy wakker? --- Hy was wakker.

Het u met hom gepraat? --- Sersant Aggenbach het wel met hom gepraat. Hom gevra of hy reg is.

Het hy geantwoord? --- Op hierdie stadium kan ek nie onthou of hy net 'n teken gegee het en of hy geantwoord het nie.

Was die lig aan, of moes julle die lig aanskakel? --- Die lig was aan.

En toe julle uit die sel uitgegaan het, het julle die lig afgeskakel of nie? --- (Antwoord onhoorbaar).

U sê in u verklaring, ek dink ek het u al gevra in verband met die dokter, maar u sê hier : "Ek het nie 'n dokter in kennis gestel nie aangesien ek nie die opdragte van die Veiligheidspolisie ken nie". --- (Antwoord onhoorbaar).

As 'n aangehoudene siek is maar u nie opdrag van die Veiligheidspolisie gekry het, sou u 'n dokter roep? --- Ek stel die Veiligheidspolisie in kennis.

Eers? Voordat u 'n dokter roep? --- Ja. Dan besluit hulle wat om te doen.

So, / ....

So, in elke geval is dit hulle besluit, nie u besluit nie? --- (Antwoord onhoorbaar).

U moet eers hulle in kennis stel en wag vir hulle opdrag? --- Dit is korrek.

Wie was die offisier op diens daardie aand? Kan u onthou? Is daar 'n persoon wat aan diens is elke aand? 'n Offisier? --- Daar is 'n offisier elke aand aan diens, op bystand diens, maar nie by die aanklag kantoor nie.

Wel wie was die offisier aan diens daardie aand? --- Ek kan nie onthou wie was aan diens nie.

Nou ken u mnr Victor, kaptein Victor? --- Hy is 'n speurder. Hy is 'n speurder offisier.

Speurder offisier. Kon hy die offisier aan diens gewees het? --- Negatief.

Moes 'n uniform... --- 'n Uniform offisier, ja.

Moet u nie hom in kennis stel as iets van hierdie aard gebeur? --- Negatief.

<u>GEEN VERDERE VRAE DEUR ADV KUNY:</u>

<u>KRUIS-ONDERVRAGING DEUR ADV SCHABORT:</u> Adjudant, as u nou op iets afkom in een van die...by een van die aangehoudenes se selle op die 2de vloer, wat aantoon dat daar baie dringend mediese hulp toegedien moet word, wat sal u maak? --- Dan gebruik ek die sleutels wat in die brandkluis is.

Ja? En? Wat sal u optrede wees? --- Onmiddellik vas te stel wat verkeerd is.

Sal u nog wag om eers te skakel met die veiligheidsoffisiere of sal u self aangaan? --- (Antwoord onhoorbaar).

En as dit blyk dat 'n dokter benodig word, wat sal u doen? --- (Begin van antwoord onhoorbaar)...die distriksgeneesheer, en ons laat weet Veiligheid.

Nou dit blyk dat u die aand taamlike hoë offisiere in

kennis / ....

kennis gestel het van die voorval? --- (Antwoord onhoorbaar)

Hoekom het u dit gedoen? -- Dit is die offisiere wat op bystand diens was van die Veiligheid.

Sersant Aggenbach het vir u gesê dat Dr Aggett reeds dood was het u gesê? --- Korrek.

Hoekom het u hom geglo? --- Want hy is 'n bekwame polisieman en ek kon nie op daardie stadium sy woord in twyfel trek nie.

Nou oor die kwessie van selbesoeke het my geleerde vriend vir u uitgevra oor die kwessie van elke uur se besoeke. Nou in die praktyk adjudant, hoe dikwels was dit moontlik om hierdie besoeke af te lê? --- Praat ons nou van die aanklag kantoor of die selle?

Die selle? --- Die selle kan jy elke uur doen.

Jy kan. --- Jy kan dit elke uur doen.

Wel kom ons stel dit so, dit is die voorskrif, is dit reg? --- Ja, dit is die voorskrif.

Maar in die praktyk, hoe dikwels was dit moontlik om daar uit te kom? --- Dit is nie moontlik nie. Daar is ander werke wat meer aandag verg, wat móét gedoen word in die selle.

Wat wat? --- Wat moet gedoen word in die selle.

In die selle sê u? --- In die selle kantoor.

O, in die selle kantoor. Ja. So, hoe dikwels was dit moontlik in die gewone loop van sake om in die loop van 'n nag sê nou maar uit te kom by die selle? --- Ek sal sê vier tot vyf maal.

Dit is nou van wanneer tot wanneer? --- Dit is van... die selpersoneel begin van 21h45 tot 06h00.

Het dit gewissel van tyd tot tyd? --- Gewissel.

Afhangende waarvan? -- Van die werksomstandighede.

U het ook iets gepraat van personeel? --- (Begin van antwoord onhoorbaar) ....tekort van personeel.

Nou wanneer daar dan nou omgegaan word het u gesê, by die veiligheidsaangehoudenes op die tweede vloer, dan word hulle met sulke besoeke, as hulle dalk sou slaap, wakker gemaak? --- (Antwoord onhoorbaar).

Wat is die rede daarvoor? -- Dit is 'n veiligheidsreëling om seker te maak dat daardie mense nie iets makeer of dalk iets aan hulleself gedoen het nie.

Nou wat Dr Aggett self betref adjudant, het u hom in die loop van die weke voor sy dood ook gesien? --- Ek het.

Dikwels? --- Korrek.

Met selbesoeke? --- Met selbesoeke.

Net met selbesoeke? --- Net met selbesoeke.

Ja. En wat was u waarneminge in verband met hom gewees? Sy gedrag en dies meer? -- Hy was 'n stil man gewees, hy het ons nooit moeilikheid gegee nie.

Het u ooit enige gesprekke met hom werklik gevoer? --- (Antwoord onhoorbaar).

Het u op enige tydstip 'n verandering in sy gedrag waargeneem? Dat hy skielik meer spraaksaam geword het, of oorvriendelik, of iets dergeliks? --- (Antwoord onhoorbaar).

Nie. En wat sy voorkoms aanbetref? Sy uiterlike voorkoms? -- Wel hy was normaal gewees.

Het hy dieselfde gebly, of het hy verander? --- Nee, hy het maar dieselfde gebly.

En toe u hom vir die laaste keer gesien het, die aand voor sy dood, hoe het hy toe vir u voorgekom? --- Hy het daar op sy bed gelê en ek dink hy, as ek reg kan onthou, het hy 'n boek gelees.

Het u enige iets toe agtergekom wat vir u ongewoond

gelyk / ....

gelyk het? --- Nee glad nie.

GEEN VERDERE VRAE DEUR ADV SCHABORT:

GEEN HER-ONDERVRAGING DEUR ADV DE VRIES:

DEUR HOF: Mnr Marais u het gepraat van die ligte wat aangeskakel word. Kan ons aanneem dat daar is 'n gang wat voor die selle verbygaan? --- Dit is korrek.

En is daar ligte wat die gang verlig? --- Ja. Ligte in die gang en in elke sel.

En as u nou praat van die ligte wat aangeskakel word, bedoel u die gang se ligte of die sel se ligte? --- Die sel se ligte.

Die gangligte, brand dit altyd deur? --- Dwarsdeur.

En hoe is die beligting deur die gang se ligte? Laat ek dit so stel, kan 'n mens net met die hulp van die gang se ligte in die selle sien? --- (Antwoord onhoorbaar).

Dankie mnr Marais, u kan maar gaan.

------------

ADV DE VRIES: Mag dit u behaag, op hierdie stadium is daar 'n getuie wat u op 'n vorige geleentheid aangedui het, geroep moet word, naamlik konstabel Steven Enslin. Ek word betroubaar meegedeel dat hy tans in die hospitaal is. Hy is die persoon wat saam met konstabel Martin, die getuie, die môre aan diens was. Met die deurlees van sy verklaring en met die min kontensieuse vrae wat gevra is aan konstabel Martin vanmôre, wil ek graag by u aansoek doen dat ons op hierdie stadium die verklaring inlees en dat dit ontvang word ingevolge artikel 13 (1), as daar nie beswaar is nie.

HOF: Mnr de Vries se voorstel klink 'n baie billike voorstel in hierdie omstandighede. Mr Kuny, any comments on this?

ADV KUNY: Ek het geen beswaar nie.

HOF / ....

HOF: Mnr Schabort?

ADV SCHABORT: Geen beswaar.

HOF: Mnr de Vries, ek stel dan voor dat u gaan voort soos u voorgestel het en as daar iemand is wat enige vrae aan die getuie wil stel, sal daar gereël word dat hy bekom word wanneer hy beskikbaar is.

ADV DE VRIES: Soos die Hof behaag.

As BEWYSSTUK 'V' wens ek dan uit te lees en in te handig, 'n verklaring van konstabel Steven Enslin. Dit lui as volg :-

"Donderdag - 1982.02.04 om 21h45 het ek aan diens rapporteer te John Vorster Plein

verklaring van konstabel Steven Enslin lui as volg:

"Op Donderdag 82.02.04 om 21h45 het ek aan diens rapporteer te John Vorsterplein selle waar nr W69080K Sersant J Agenbag in bevel was tydens diensbeurt en my gepos het op die eerste vloer om agter die prisoniere se eiendom te kyk. Ons aldrie was besig om hoflyste uit te maak en dit het ons die heel tyd besig gehou. Om ongeveer 00h50 het Sersant Agenbag vir konstabel Martin gesê om 'n inskrywing te maak dat die selle besoek was. Hy het ook gesê dat hy so te sê klaaar is en hy dan wel die selle sal besoek. Ons het nie die selle besoek nie. Om ongeveer 1h20 het Sersant vir ons gesê dat hy selle gaan besoek en ons moet solank aangaan met die werk. Ongeveer 15 minute daarna het Sersant Agenbag teruggekom en vir my en konstabel Martin meegedeel dat veiligheidsprisonier Neil Aggett homself opgehang het met 'n stuk materiaal. Sersant Agenbag is af aanklagkantoor toe om Adjudant-offisier Marais te gaan roep. Ek en konstabel Martin is tweede vloer toe waar konstabel Sileko ons gaan wys het waar die prisonier hang. Ons het teruggekom en aangegaan met ons werk, waar ons afgelos was om 6h00 deur die volgende aflos."

<u>COURT</u> Mr Kuny, are you in a position to inform us whether you would like to examine this witness, to ask him any questions?

<u>ADV KUNY</u> Your Worship I think it's unlikely. At this stage I certainly not requesting that he be brought to court. If we think necessary at some later stage..(inaudible, not speaking into microphone)... timeously so that he can be cal-

led/

led. I think it's unlikely.

COURT Thankyou Mr Kuny - Mr Schabort?

ADV SCHABORT Our attitude is the same sir.

COURT Then this affidavit is accepted in terms of Section 13(1) of the Act. Thankyou Mr de Vries.

ADV DE VRIES My Lord, also at this stage I have some small difficulty, the only other witness really who has to be called concerning this aspect we are dealing with at the moment is constable Sihlobo who can only be here at 2.00 o'clock this afternoon. I will leave it in your Worship's hands whether you would prefer to finish the - this aspect of the case as it is, or we may go on with further evidence, which we have witnesses here for.

COURT Any comments Mr Kuny?

ADV KUNY I am in your Worship's hands, we could go on with other matters, but then it might be that we have to interrupt a witness in order to deal with Sihlobo at 2.00 and since it's already nearly twenty-five to one perhaps this is a convenient stage to take a little longer adjournment.

ADV SCHABORT May I take up some of your Worship's time by handing in some affidavits if I may be permitted to do so, these affidavits your Worship are affidavits relating to the statement of Mr Smith and we have made copies available sir, if you would....

COURT I may advise you Mr Schabort that I have already indicated that...(inaudible, fading)... be subpoenaed to give evidence in this matter.

ADV SCHABORT I understand...

COURT I think you have received notice as far as that is concerned.

ADV SCHABORT So we have made copies of the statements

available/

available and you may decide to hand them out to the various parties.

ADV KUNY May we have copies of those now if your Worship has now them in your possession, I think you have copies which are intended to be available for us as well, my learned friend indicated that it's your Worship's decision?

HOF Mnr de Vries ek gaan net al die afskrifte aan u gee, ek neem net die oorspronklikes, en ek sal bly wees as u sal help om die uitdeling te doen asseblief, baie dankie.

AT THIS STAGE COURT TAKES THE LUNCHEON ADJOURNMENT

ON RESUMPTION :

ADV DE VRIES May it please your Worship, I'm afraid that I was misinformed, the witness Sihlobo in fact booked off sick this morning and will not be here today. I hope that we will be able to get him tomorrow, it seems that we will have to carry on with other evidence in the meantime.

COURT Thankyou Mr de Vries.

ADV DE VRIES The witness I propose calling at this stage is Detective Warrant Officer Lambrecht, his evidence is to be found on page 63 and page 6 connected to that.

CHARL WYNAND LAMBRECHT Onder eed, verklaar :

ONDERVRAGING DEUR ADV DE VRIES

Is u 'n Speurder Adjudant-offisier, Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer by die plaaslike vingerafdruktak te Johannesburg? --- Dit is korrek edelagbare.

Het u 'n kursus in vingerafdrukontleding deurloop? -- Dit is korrek edelagbare in die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro te Pretoria.

Hoeveel jaar het u noual diens as vingerafdrukdeskundige? --- Ek het 15 jaar diens as 'n vingerafdrukdeskundige.

Nou/

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**


## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**



## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.